BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# Briewe vir die Kerk [Deel 2] – Efese

## Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

------------------------------------------------------------

------------------------------------------------------------

**Hoe getrou was jy aan die EEN TREE wat jy wou gee die afgelope week?**

------------------------------------------------------------

------------------------------------------------------------

## Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Soms verander iemand se getuienis 'n ander mens se lewe heeltemaal. Kan jy vertel van so 'n geval en wat die uitloop daarvan was?**

------------------------------------------------------------

------------------------------------------------------------

------------------------------------------------------------

**Dink aan 'n getuienis wat jou diep geraak het. Vertel die groep wat dit was en hoekom dit vir jou mooi was.**

------------------------------------------------------------

------------------------------------------------------------

------------------------------------------------------------

**Het jy self 'n storie wat jy dink iemand by kan baat? Wil jy iets hiérvan met jou groep deel? Indien jy nog nie jou getuienis "geformuleer" het, wat keer jou?**

------------------------------------------------------------

------------------------------------------------------------

------------------------------------------------------------

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Jesus roep die gemeente om te "onthou". Waarom is dit belangrik om gereeld terug te dink aan God se werk in ons lewens?**

**Lees:** Openbaring 2:5; Deuteronomium 8:2

*Bespreek:* Watter herinneringe aan God se goedheid help jou om jou geloof lewendig te hou?

---------------------------------------------------------------------------------------------------------

---------------------------------------------------------------------------------------------------------

**Watter tekens dui daarop dat iemand se liefde vir God begin afkoel?**

**Lees: Matteus 24:12; Psalm 63:1-8**

***Bespreek:* Watter waarskuwingstekens het jy al in jou eie lewe opgemerk?**

---------------------------------------------------------------------------------------------------------

---------------------------------------------------------------------------------------------------------

**Watter dinge in ons kultuur en daaglikse lewe steel maklik ons liefde en toewyding aan Christus?**

**Lees: Markus 4:18-19; Kolossense 3:1-2**

***Bespreek:* Hoe kan ons hierdie afleidings herken en hanteer?**

---------------------------------------------------------------------------------------------------------

---------------------------------------------------------------------------------------------------------

**Hoe kan ons as kleingroep of gemeente mekaar help om ons eerste liefde vir Jesus te behou?**

**Lees: Hebreërs 10:24-25; Prediker 4:9-12**

***Bespreek:* Watter praktiese stappe kan ons neem om mekaar aan te moedig?**

---------------------------------------------------------------------------------------------------------

---------------------------------------------------------------------------------------------------------

## Slotvraag

**As Jesus vandag 'n brief aan ons gemeente sou skryf, waarvoor sou Hy ons prys, en waar sou Hy ons waarskynlik oproep om terug te keer na ons eerste liefde?**

---------------------------------------------------------------------------------------------------------

---------------------------------------------------------------------------------------------------------

---------------------------------------------------------------------------------------------------------

## GEBED EN OMGEE

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

---

---

---

## NEEM 'N VOLGENDE STAP

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**

---

---

---

---

---

---

---

---